PASIËNTINLIGTINGSBLAD

Lees hierdie hele inligtingsblad noukeurig deur voordat u AMOXYCILLIN AUSTELL neem:

- Hou hierdie inligtingsblad. Dit mag nodig wees dat u dit weer moet lees.
- Indien u nog enige verdere vrae het, vra asseblief vir u dokter of apteker.
- Hierdie medisyne is vir u persoonlik voorgeskryf en u moenie u medisyne met enige ander persone deel nie. Dit kan hulle skaad selfs al is hulle simptome dieselfde as u s'n.

Skeduleringstatus

S4

AMOXYCILLIN 250 mg AUSTELL KAPSULES
AMOXYCILLIN 500 mg AUSTELL KAPSULES
(Amoksisillientrihidraat)

1. WAT AMOXYCILLIN AUSTELL BEVAT

- Die aktiewe bestanddeel is amoksisillientrihidraat
- Die ander bestanddele is magnesiumstearaat en gelatien.

2. WAARVOOR AMOXYCILLIN AUSTELL GEBRUIK WORD

Hierdie medisyne behoort aan die penisilliengroep.
Dit is 'n antibiotika wat gebruik word om infeksies van die respiratoriese organe, gastro-intestinale organe en ander infeksies te behandel wat veroorsaak word deur organismes wat vatbaar is vir Amoxicillin.

3. VOORDAT U AMOXYCILLIN AUSTELL NEEM

Moenie AMOXYCILLIN AUSTELL neem:

- indien u hipersensitief (allergies) teenoor penisilliene of kefalosporiene of enige van die ander bestanddele is
- indien u gediagnoseer is met of vermoed word dat u aansteeklike mononukleose het.

Spesiale sorg moet met AMOXYCILLIN AUSTELL geneem word:

- indien u 'n geskiedenis van allergiese reaksies het
- indien u lewersiekte het
- indien u antikoagulante medisyne neem, aangesien noukeurige monitering nodig is.

AMOXYCILLIN AUSTELL met voedsel en drank:

U kan hierdie medisyne met of sonder voedsel neem.

Swangerskap en Borsvoeding:

AMOXYCILLIN AUSTELL word in borsmelk versprei.

Indien u swanger is of u baba borsvoed terwyl u hierdie medisyne gebruik, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige om advies.

Ander medisyne en AMOXYCILLIN AUSTELL:

- die doeltreffendheid van orale voorbehoedmiddels kan verminder word wanneer dit gelyktydig met AMOXYCILLIN AUSTELL geneem word
- tetrasikliene en ander antibiotika kan inmeng met die effekte van AMOXYCILLIN AUSTELL.

Indien u ander medisyne op 'n gereelde basis gebruik, insluitend komplementêre of tradisionele medisyne, kan die gebruik van AMOXYCILLIN AUSTELL saam met hierdie medisyne ongewenste interaksies veroorsaak. Raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige om advies.

4. HOE OM AMOXYCILLIN AUSTELL TE NEEM

Neem altyd AMOXYCILLIN AUSTELL presies soos deur u dokter of apteker aan u voorgeskryf is. Raadpleeg u dokter of apteker indien u nie seker is nie. Die kapsules word gewoonlik elke agt ure geneem. Sluk die kapsules heel met 'n bietjie water. Moenie kou nie.

AMOXYCILLIN AUSTELL kapsules word as 'n behandelingskursus voorgeskryf en moet gereeld oor 'n aantal dae geneem word totdat al die kapsules voltooi is. Indien u onder die indruk is dat die effek van AMOXYCILLIN AUSTELL te sterk of te swak is, stel u dokter of apteker in kennis.

Indien u meer AMOXYCILLIN AUSTELL neem as wat u moes:

Ingeval van 'n oordosis, raadpleeg u dokter of apteker. Indien nie een beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of vergiftigingsentrum.

Indien u vergeet om AMOXYCILLIN AUSTELL te neem:

Moenie 'n dubbele dosis neem om vir 'n enkele vergete dosis op te maak nie. Neem u volgende normale dosis op die gewone tyd.

Effekte wanneer behandeling met AMOXYCILLIN AUSTELL gestaak word:

Moenie ophou om u medisyne te neem nie, selfs al voel u beter. Die behandelingskursus wat vir u voorgeskryf word, moet voltooi word om die risiko van 'n terugval te vermy.

5. MOONTLIKE NEWE-EFFEKTE

AMOXYCILLIN AUSTELL kan newe-effekte soos diarree, naarheid, braking, slegte spysvertering, buikpyn, hoofpyn, duiseligheid, moegheid, gloede hê.
Gastro-intestinale reaksies kan verminder word deur u medisyne aan die begin van 'n maaltyd te neem.

In die onwaarskynlike geval dat u 'n hipersensitiwiteitsreaksie ontwikkel, insluitend veluitslag, pruritis en urtikaria, raadpleeg onmiddellik u dokter.
Nie al die newe-effekte wat vir AMOXYCILLIN AUSTELL aangemeld is, is in hierdie inligtingsblad opgeneem nie. Indien u algemene gesondheidstoestand versleg terwyl u hierdie medisyne neem, moet u asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgkundige om advies raadpleeg.

6. BEWARING EN WEGDOENING VAN AMOXYCILLIN AUSTELL
Hou alle medisyne buite bereik en sig van kinders.
Moenie bo 25 °C bewaar nie.
Hou die stulpstroke in die karton totdat dit benodig word vir gebruik om teen lig te beskerm.
Hou die houer dig toe.
Moenie gebruik na die vervaldatum soos aangedui op die etiket nie.
Besorg alle ongebruikte medisyne terug aan u apteker.
Moenie ongebruikte medisyne in die dreinering- of rioolstelsel weggooi nie.

7. AANBIEDING VAN AMOXYCILLIN AUSTELL
AMOXYCILLIN 250 mg AUSTELL KAPSULES:
Stulpstrook (deursigtige PVC-film, aluminiumfoelie) van 1x15, 1x21, 3x10, 2 x 15 en 10 x 10 kapsules.
Houer van 500 kapsules in HDPE sakkies verpak.
AMOXYCILLIN 500 mg AUSTELL KAPSULES:
Stulpstrook (deursigtige PVC-film, aluminiumfoelie) van 1x15, 1x21, 3x10, 2 x 15 en 10 x 10 kapsules.
Houer van 500 kapsules in HDPE sakkies verpak.

8. IDENTIFIKASIE VAN AMOXYCILLIN AUSTELL
AMOXYCILLIN 250 mg AUSTELL KAPSULES:
Wit tot romerige wit in poeier-/propvorm omhul in rooi/dofgeel harde gelatien kapsule grootte "2" met "AMOXY 250"-druk in swart.
AMOXYCILLIN 500 mg AUSTELL KAPSULES:
Wit tot romerige wit in poeier-/propvorm omhul in rooi/dofgeel harde gelatien kapsule grootte "0" met "AMOXY 500" -druk in swart.

9. REGISTRASIENOMMER
AMOXYCILLIN 250 mg AUSTELL KAPSULES: 37/20.1.2/0003
AMOXYCILLIN 500 mg AUSTELL KAPSULES: 37/20.1.2/0004

10. NAAM EN ADRES VAN REGISTRASIEHOUER
Austell Pharmaceuticals (Pty) Ltd
1 Sherborne Road
Parktown
JOHANNESBURG
2193
South Africa

11. DATUM VAN PUBLIKASIE
23 September 2005

Toegang tot die ooreenstemmende professionele inligting
Professionele inligting vir hierdie medisyne is beskikbaar op die volgende URL: https://austell.co.za/product-info/
Austell Pharmaceuticals (Pty) Ltd
Tel: +27 11 611 1400 of +27 860 287 835